| | |
|---|---|
| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier | TOTALE PUNTE |

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# TOERISME

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur | 200 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye en 'n Bylaag van 4 bladsye (i–iv). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Verwyder die Bylaag uit die middel van die vraestel. Die Bylaag bevat die volgende:
   - **BYLAAG A: Kom ons gaan Oos – Mauritius**
   - **BYLAAG B: Wêreldtydsonekaart**
   - **BYLAAG C: Konsepkaart rubriek**
2. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie hierbo te skryf.**
3. 'n Nie-grafiese, nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word. Toon alle berekeninge.
4. Dit is in jou eie belang om netjies en leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Skenk spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksie.
6. Kandidate moet kleurpenne of -potlode gebruik om die konsepkaart te voltooi.
7. Kandidate moet bladsy 20 en 21 gebruik om die konsepkaart te konstrueer.
8. Drie blanko blaaie (bladsy 22 tot 24) is aan die einde van die vraestel ingesluit. As jy nie genoeg spasie vir 'n vraag het nie, gebruik hierdie bladsye. Dui duidelik die vraagnommer van jou antwoord aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

| VRAAG | PUNTE TOEKENNING | PUNT BEHAAL | GEMIDDELDE TYD PER VRAAG |
|---|---|---|---|
| 1 | 25 | | 30 minute |
| 2 | 41 | | 30 minute |
| 3 | 37 | | 30 minute |
| 4 | 25 | | 25 minute |
| 5 | 44 | | 35 minute |
| 6 | 28 | | 30 minute |
| **Totaal** | **200** | | 180 minute |

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 1

'n Deel van Toerisme vereis dat jy as 'n spanlid deelneem aan 'n Bedryfsverwante Uitvoering/Prestasie taak. (IVP).

1.1 **Noem** en **verduidelik** die aard van jou IVP en **beskryf** die doelstellings van jou span.

(4)

1.2 **Verduidelik** hoe jou sterkpunte en jou spanmaats se sterkpunte gehelp het om kwaliteit diens te lewer en die span se doelwitte te bereik.

(4)

1.3 **Verduidelik** die belangrikheid van spanwerk t.o.v. die verskaffing van kwaliteit kliëntediens.

(3)

IEB Copyright © 2024

1.4 **Noem** en **verduidelik** die stadiums van spanvorming.

(10)

1.5 **Kies** EEN van die stadiums van spanvorming en **deel** jou persoonlike ondervinding van hierdie fase in jou deelname aan die IVP.

(4)
**[25]**

IEB Copyright © 2024

**VRAAG 2** Verwys na die **Wêreldtydsonekaart (BYLAAG B)**

2.1 **Noem** DRIE reisdokumente wat internasionale toeriste wat die SADC-streek binnekom by die toegangspunte moet hê.

___

___

___

___

(3)

2.2 **Gee** VIER veiligheidsmaatreëls wat toeriste moet neem wanneer hulle in 'n vreemde land reis.

___

___

___

___

(4)

2.3 Verwys na die strokies hieronder:







[Bron: Maxine.com]

2.3.1 Na watter konsep van tydsones word daar in die strokies verwys?

(1)

2.3.2 **Verduidelik** die konsep wat jy in Vraag 2.3.1 geïdentifiseer het en verskaf TWEE redes waarom sommige lande dit implementeer.

(4)

2.3.3 Die vrou in die strokies demonstreer 'n algemene wanopvatting aangaande DBT. **Wat** is dit? Verduidelik hoekom dit verkeerd is.

(5)

2.4 Sodra 'n toeris hul bagasie by immigrasiekontrole op 'n internasionale lughawe gekry het, sal hulle moet kies om deur die rooi kanaal of die groen kanaal te gaan. **Onderskei** tussen hierdie twee kanale.

(2)

IEB Copyright © 2024

2.5 Graad 10 Toerisme leerders neem 'n 14-uur vlug van Harare na Sydney, terwyl graad 12 leerders 'n 9-uur vlug van Kaapstad na Kaïro neem. **Identifiseer** watter van hierdie twee grade waarskynlik vlugvoosheid sal ervaar. **Verduidelik** jou antwoord.

(4)

2.6 Tinotenda is 'n Swazi-toeris wat pas om 00:00 op 24 Maart in Vancouver aangekom het. Hy bel 30 minute later sy broers en susters om hulle te laat weet dat hy veilig aangekom het. **Bereken** die datum en tyd wanneer sy broers en susters die oproep in eSwatini sal ontvang. **Toon alle berekeninge.**

(5)

2.7 'n Gesin van Tokio, Japan, vlieg na Suid-Afrika vir die Netbal Wêreldbeker. Hulle neem 'n aansluitende vlug wat op 4 Julie om 18:30 vanaf Perth-lughawe vertrek. Die vlug duur 9 ure. **Dagligbesparingstyd (DBT) word toegepas**. **Bereken** hulle aankomstyd op OR Tambo-lughawe, Johannesburg (plaaslike tyd). **Toon alle berekeninge.**

(5)

IEB Copyright © 2024

2.8 Onderskei tussen vlugvoosheid en vlugmoegheid.

(4)

2.9 Adviseer 'n groep toeriste oor hoe om vlugvoosheid tot die minimum te beperk.

(4)
**[41]**

## VRAAG 3

Bestudeer die wisselkoerstabel hieronder, soos op 25 Desember 2023 en beantwoord die vrae wat volg.

| LAND / STREEK | GELDEENHEID KODE | BKK in ZAR | BVK in ZAR |
|---|---|---|---|
| Engeland | GBP | 22,3657 | 23,4790 |
| Europa | EUR | 19,0895 | 20,3841 |
| Verenigde State van Amerika | USD | 17,1327 | 18,4932 |
| Japan | Yen | 0,1143 | 0,12984 |
| Botswana | Pula | 1,3618 | 1,3786 |
| Mauritius | Rupee | 0,4107 | 0,42101 |

[Aangepas uit: <http://www.x-rates.com> op 25 Desember 2023]

3.1 **Verduidelik** BVK en BKK. **Verduidelik** hoekom daar 'n verskil tussen die TWEE is.

(4)

3.2 **Onderskei tussen** die koopkrag van 'n Afrika toeris (van die SAOG streek) in Europa **en** hulle koopkrag in Engeland.

(4)

IEB Copyright © 2024

3.3 **Verduidelik** die term swak geldeenheid. Wat is die implikasies van 'n swak geldeenheid?

(3)

3.4 Watter impak het 'n sterk geldeenheid op uitgaande toeriste?

(3)

3.5 Tino is 'n toeris van **Suid-Afrika** wat na die VSA reis. Hy ruil R50 000 om. **Hoeveel** van die buitelandse geldeenheid sal hy ontvang? **Toon alle berekeninge**.

(4)

3.6 Noem en verduidelik EEN rede waarom geldeenhede kan wissel.

(3)

IEB Copyright © 2024 

3.7 **Verduidelik** die **positiewe** en **negatiewe** effekte van die verandering in 'n land se geldeenheid van sterk na swak.

(4)

3.8 Voltooi die onderstaande tabel – Betalingsmetodes vir reisigers

| | Metode 1 | Metode 2 |
|---|---|---|
| **TWEE** betalingsmetodes wat reisigers kan gebruik | | |
| **Voordele** | | |

(4)

3.9 **Twee Suid-Afrikaanse** niggies reis na die **VSA en Europa**. Terwyl sy in die VSA is, koop **Tino** 'n tweedehandse Rolex vir $150. Haar niggie, **Michelle**, wat deur Europa toer, koop dieselfde horlosie vir €150. **Identifiseer** wie die horlosie teen 'n goedkoper prys gekoop het. **Toon alle berekeninge**.

(5)

IEB Copyright © 2024

3.10 Waar kan 'n inkomende toeris **wettig** buitelandse valuta verkry?

(3)
**[37]**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 4

Vir jou PAT vanjaar is jy gevra om plaaslike toerismeprodukte/dienste te ondersoek en 'n besigheid saam te stel wat die potensiaal het om in 'n unieke toerisme-onderneming te ontwikkel om meer toeriste te help lok.

4.1 Gebruik enige VIER **Ps** van die bemarkingsmengsel en **beskryf** hierdie onderneming/diens.

(8)

4.2 **Verduidelik** die belangrikheid van die uitvoering van 'n SSGB-analise voordat jy 'n besigheid begin.

(2)

IEB Copyright © 2024

4.3 **Verskaf** 'n SSGB-analise vir jou onderneming.

IEB Copyright © 2024

(10)

4.4 **Stel** TWEE maniere **voor** om die diens by die onderneming wat in Vraag 4.1 beskryf is, te verbeter.

(2)

4.5 **Identifiseer** TWEE tipes bemarkingsmetodes.

(2)

4.6 Watter bemarkingsmetode sou jy gebruik om die onderneming in Vraag 4.1 te bemark?

(1)
**[25]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 5

Verwys na **BYLAAG A (met 5 bronne) bladsy i en ii: Kom ons gaan Oos – Mauritius** en gebruik dit om die volgende vrae te antwoord.

5.1 Wat maak Chamarel die beste toeristebestemming volgens die uittreksel?

____________________________________________

____________________________________________ (1)

5.2 Watter effek sal 'n instroming van toeriste op Chamarel hê?

____________________________________________

____________________________________________ (2)

5.3 Watter effek kan Chamarel op die BBP groei van Mauritius hê?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (4)

5.4 Met verwysing na **Bron 4**, verduidelik die uitdagings wat die Toerisme-bedryf van Mauritius in die gesig staar.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (4)

IEB Copyright © 2024

5.5 Die grafiek in **Bron 5** toon Mauritius se toerisme statistieke van Julie 2020 tot Januarie 2023.

5.5.1 **Gee** 'n rede vir die afname in inkomste vanaf Julie 2020 tot Julie 2021.

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (1)

5.5.2 **Verskaf** 'n moontlike rede vir die toename in toerisme inkomste, na Januarie 2022.

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (1)

5.5.3 Volgens jou kennis van toerisme, stel DRIE maniere voor waarop Mauritius toerisme-inkomste bo die $484 927 van Januarie 2023 kan verhoog.

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (3)

5.6 Volgens **Bron 3**, kies ongeveer 40% van besoekers om nie by die groot hotelle te bly nie, maar verkies kleiner akkommodasie soos lodges en huurwoonstelle. Verduidelik hoe hierdie syfers 'n **negatiewe** en **positiewe** impak op die plaaslike gemeenskap kan hê.

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________ (4)

IEB Copyright © 2024

5.7 Mauritius as 'n geheel is bekommerd oor volhoubaarheid. Met verwysing na **Bron 2**, watter volhoubaarheidsmaatreëls is deur die owerhede ingestel?

(4)

5.8 5.8.1 Wat kan die moontlike **positiewe** en **negatiewe** impak van die gebruik van sonpanele op die klein toerisme-instansies van Mauritius wees?

(2)

5.8.2 "Meeste van die hotelgroepe in Mauritius het sertifikasie van internasionale organisasies soos *Earth Check* en *Green Globe* verkry." Met behulp van voorbeelde uit **Bron 2**, **verduidelik** hoekom hierdie hotelle sertifikasie verkry het.

(3)

5.9 5.9.1 **Noem** enige TWEE beginsels van *Fair Trade* Toerisme (FTT) in **Bron 2 en 3**.

(2)

IEB Copyright © 2024

5.9.2 Ondersteun jou antwoord met bewyse uit die bronne.

(2)

5.10 Watter pilaar van volhoubare toerisme word hoofsaaklik in **Bron 4** genoem?

(1)

5.11 Met behulp van die bronne wat verskaf is, toon jou begrip van die term 'Vermenigvuldigereffek' en verduidelik hoe die plaaslike gemeenskappe in Mauritius daarby sal baat.

(10)
**[44]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 6 KONSEPKAART

In die tweede deel van jou PAT vanjaar, was jy vereis om 'n moontlike onderneming te identifiseer wat waarde sou toevoeg aan 'n toeriste-aantreklikheid of diens.

**Verwys na die nasienrubriek in die bylaag om 'n konsepkaart** te konstrueer waarin jy die impak van hierdie besigheidsgeleentheid op die toerismebedryf **EN** op die **drievoudige basislyn evalueer**.

Sluit die volgende op kou konsepkaart in:

- 'n Titel wat jou unieke geleentheid/onderneming verduidelik.
- Beklemtoon die Unieke Verkooppunt van jou onderneming en verskaf kenmerke van 'n suksesvolle besigheid wat jy graag in jou onderneming wil sien.
- Noem hoe jy jou onderneming op streeks- en internasionale vlak sal bemark.
- Beskryf hoe die onderneming die plaaslike gemeenskap sal bevoordeel (Vermenigvuldigereffek).
- Die drie faktore wat volhoubare en verantwoordelike toerisme affekteer.
- Evalueer die impak wat die onderneming op toerisme mag hê.
- **Die onderlinge verwantskappe tussen die bogenoemde konsepte insluitend hul oorsake en gevolge.**
- Gebruik 'n sleutel met verskeie kleure om tussen die konsepte te onderskei.

Konstrueer jou konsepkaart op die volgende twee bladsye. **[28]**

IEB Copyright © 2024 

## Konsepkaart

IEB Copyright © 2024

## Konsepkaart

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2024

## ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE EKSTRA SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.**

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024